

Verduideliking van bediening (1-7)	Kollekte vir die gelowiges in Jerusalem (8-9)	Regverdiging van apostelskap (10-13)
Geskryf in Masedonië, 56 nC		
Paulus se karakter	Paulus se liefdadigheid	Paulus se getuigskrif

Dag	Dag se brood	Meer heuning
Ma	II Kor 2	II Kor 1-2
Di	II Kor 3	II Kor 3
Wo	II Kor 4	II Kor 4-5
Do	II Kor 6	II Kor 6-7
Vry	II Kor 8	II Kor 8-9
Sat	II Kor 10	II Kor 10-11
Son	II Kor 13	II Kor 12-13

Die gemeente in Korinte het Paulus se opregtigheid van sy geloof en liefde asook sy gesag in twel getrek, daarom skryf Paulus hierdie baie persoonlike brief (so twaalf tot vyftien maande na die eerste brief van 1 Korintiërs) en lê hy sy gevoelens bloot soos in geen ander brief nie. Die brief is hoofsaaklik 'n verdediging van Paulus se bediening (hfstk 1-7) en sy apostelskap (hfstk 10-13).

Omdat Paulus homself verdedig, leer ons baie van Paulus in hierdie brief – hoofstuk 11:1-12:13 vertel van sy kennis, integriteit, wat hy al vermag het, hoe hy al gely het, sy visioene en wonderwerke. Uit sy verdediging leer ons baie oor die verkondiging van die evangelie, so byvoorbeeld beklemtoon Paulus dat die swakheid van die bedienaar juis die die boodskap van verlossing beklemtoon.

Tussen al hierdie persoonlike inligting van die brief is daar bevestiging van belangrike leerstukke:

1. Hoofstuk 3 beskryf die kontras tussen die ou en die nuwe verbond
2. Die toekomstige heerlijkheid van die gelowige word beskryf in 5:1-10.
3. Die bediening van versoening kry ons in 5:14-21.
4. Die Christen se rentmeesterskap, met betrekking tot sy persoonlike besittings, word in hoofstukke 8 en 9 geleer.

Die Nuwe Verbond tree in werking met Christus se dood en word beskryf in II Kor 3. In die Nuwe verbond word twee dinge belooft:

1. Die vergifnis van sonde.
Die nagmaal word ingestel in I Kor 11:23-26 ter herinnering van Christus se liggaam en bloed vir die vergifnis van sonde. II Kor 5:12-21 handel oor die versoening wat daaruit voortvloei.
2. Die inwoning en werking van die Heilige Gees.
Die Ou Testament voorspel dat die wet op kliptafels in die harte van mense geskryf sal word (Eseg 36:26-27 Jer 31:31-33). II Kor 3:6 bevestig die vervulling daarvan.

Memoriseervers:
God ... het ook in ons harte 'n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis van die heerlijkheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal. (II Kor 4:6)

Evangelies	Evangelie versprei	Verlossings leer	Briewe uit gevangenis	Opvolger riglyne	Kerk en lyding	Kerk en dwaalleer	Wederkoms	Die einde
------------	--------------------	------------------	-----------------------	------------------	----------------	-------------------	-----------	-----------

Versoening: II Korintiërs oorsig

In ons verhouding is daar 'n breuk,
maar die Here het deure oopgemaak
en deur ons versprei die reuk
van ware kennis wat harte raak. (II Kor 2:12-14)

Julle is Christus se brief,
deur ons geskryf, nie met ink,
maar met God se Gees.
Nie op klip, maar op harte van vlees. (II Kor 3:2-3).

Ons is soms verdruk,
maar nie teneergedruk.
Ons soek raad: wes of oos?
Maar word nie radeloos.
Ons word vervolgd en gehaat,
maar nie deur God verlaat.
Ons word teen die grond gestamp,
maar nie vernietig deur die ramp!

Want

Ons dra Jesus se sterwe in ons liggaam
sodat ons vir ewig lewe met Hom saam! (II Kor 4:7-11)
Ons fokus nie om aardse dinge te verdien,
maar vertrou op dit wat ons nie sien!
Die tydelike dinge dra geen gewig.
Die onsigbare dinge is ewig! (II Kor 4:18)

Of ons hier woon,
of dáár werk vir loon,
dít maak die verskil:
Lewe soos Hy wil! (II Kor 5:9)

God het reeds die werk gedoen:
Deur Christus is ons met Hom versoen.
Jy is vry van jou oortredings verklaar.
Jy moet hierdie versoening aanvaar! (II Kor 5:18-21)

Doen God se wil elke dag
deur die Gees,
deur liefde,
deur die Woord,
en deur God se krag. (II Kor 5:7)

Moenie saam met ongelowiges buk
en saam trek aan dieselfde juk.
Dan bly jul verhouding met My gesond
Ek is die God van die verbond. (II Kor 6:12-18)

Jesus het Sy rykdom laat vaar,
in armoede Sy taak aanvaar.
Deur Jesus is jy nou ryk.
Laat dit in jou vrygewigheid blyk. (II Kor 8:9)

Terwyl ons nog in ons tentwoning sug,
sal die Gees deur Sy krag ons verlig. (II Kor 5:4-5)
As die dood jou aardse tent opvou
gaan jy na die vaste hemelse gebou! (II Kor 5:1)